

Desember  
2011Posbus 20  
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer Brandweer	028 313 8000/8111 028 312 2400
---------------------------------	-----------------------------------

# Bulletin

Amptelike nuusbrieff van Munisipaliteit Overstrand



## BLOUVLAGSTRANDE LÊ EN WAG

Overstrand se drie bestaande Blouvlag-strande – Grotto, Hawston en Kleinmond – was weer onder die 27 strande landwyd wat vanjaar dié gesogte status vir die 2011/2012-seisoen ontvang het. Die oorhandiging het saam met die elfde herdenking van die Blouvlag-program in Suid-Afrika geval waartydens munisipaliteite grootliks lof toegeswaai is omdat hulle hierdie program ondersteun, 'n program wat reeds as lonend bewys is omdat besoekers toenemend strande verkies wat aan streng kwaliteitsvereistes rakende watergehalte, veiligheid, kledkamergeriewe en omgewingsopvoeding voldoen. Overstrand was van die begin af deel van die program, en Grotto is die strand met die langste aaneenlopende Blouvlagrekord in die land. Die munisipaliteit se gebeurlikheidsbeplanning is intussen reeds afgehandel en in werking gestel om 'n sorgvrye en aangename vakansie te verseker vir die duisende vakansiegangers wat na verwagting gedurende Desember en Januarie in die gebied verag word. Foto: Bernard Jordaan

## Kersboodskap van die Burgemeester

Ja, die komende Kersseisoen is 'n tyd van feestelikheid, maar dit is ook 'n tyd om welwillendheid teenoor mekaar te toon. Nie net moet ons die seisoen gebruik om gehalte-tyd saam met ons geliefdes deur te bring nie, maar ons behoort dit ook as die ideale geleentheid te beskou om die boodskap te vergestalt van die Messias wat lig na 'n wêreld gehul in donkerte gebring het. En die goeie nuus is dat om lig aan ons medeburgers te skenk, nóg 'n sent kos nóg 'n blitsbesoek aan 'n besige inkopiesentrum verg!

Om te help om die wêreld van misdadigheid, vrees, ongeregtigheid en selfsugtige trots te bevry, hoef ons bloot die kern morele waardes na te volg wat 'n beskaafde samelewing ten grondslag lê. Dis so eenvoudig soos om betroubaar en verantwoordelik te wees in alles wat ons doen, respek te toon en regverdig op te tree in ons handelinge teenoor mekaar. Op hierdie manier kan ons 'n gemeenskap word wat werklik omgee en waarin goeie burgerskap 'n natuurlike verskynsel is en nie 'n las nie.

Mag ons almal 'n vreugdevolle en geseënde Kerstyd geniet. Vrede vir almal!

Nicolette  
Botha-Guthrie  
UITVOERENDE BURGEMEESTER



## VOORUITSKOUING VIR NUWE PLAN

Die uitvoerende burgemeester, raadslid Nicolette Botha-Guthrie, het vyf fokusareas geïdentifiseer vir Munisipaliteit Overstrand se nuwe geïntegreerde ontwikkelingsplan wat die vyf-jaar-siklus vanaf 2012 tot 2017 gaan dek.

Hierdie areas sluit in:

- Basiese dienslewering wat, onder andere, die doeltreffende ontwikkeling, bestuur, bedryf en instandhouding van die munisipale infrastruktuur insluit;
- Maatskaplike opheffing en ekonomiese ontwikkeling met die klem op die ontwikkeling van volhoubare mensevestigings, die skep van 'n omgewing wat bevorderlik is vir plaaslike ekonomiese ontwikkeling en die ontwikkeling van strategieë en projekte wat kwesbare groeperings sal ophel;
- Die optimering van finansiële hulpbronne aan die hand van doeltreffende finansiële bestuur;
- Goeie staatsbestuur, gerugsteun deur doeltreffende samewerkende regering binne die konstitusionele mandaat, doeltreffende kommunikasie en gemeenskapsbetrokkenheid en gesonde munisipale administrasie; en
- 'n Veilige en gesonde omgewing waarbinne, onder andere, doeltreffende openbare veiligheid en rampbestuur en die doeltreffende bestuur van die omgewing bevorder word.

Die Burgemeester het 'n beroep gedoen op raadslede om hierdie voorstelle met hulle gemeenskappe deur te trap met die oog daarop om 'n opvolg-strategiesessie met die volle raad teen einde November te belê, gevolg deur 'n soortgelyke sessie wat vir 6 Desember 2011 met die Overstrand Munisipale Adviesforum geskeduleer is.

Sy het aangekondig dat die Overstrand Munisipale Adviesforum geherstruktureer gaan word ten einde groter verteenwoordiging en deelname te verseker. Intern gaan die vergaderings van die uitvoerende bestuursplan ook geherstruktureer word ten einde verbeterde koördinerende en integrasie binne die organisatoriese struktuur in die hand te werk.

In soverre dit strategieë betref, het die bestuurskomitee en bestuur gesprekke gevoer oor kwessies verwant aan die munisipaliteit se visie, missie, toekomstige rigting, strategiese uitkomst en uitsette asook die maatstawwe en teikens waarteen strategiese uitsette gemeet moet word.

Daar is besluit om die visie onveranderd te laat, naamlik "om 'n sentrum van uitnemendheid vir die gemeenskap te wees". Die missie is egter effe verander om as volg te lees:

Om volhoubare gemeenskappe te skep deur optimale dienste te lewe ter ondersteuning van doelwitte wat vir die ekonomie, samelewing en omgewing daargestel is.

Die strategiese doelwitte is:

- die lewering van demokratiese en verantwoordbare staatsbestuur;
- die lewering en handhawing van munisipale dienste;
- die bevordering van gestruktureerde gemeenskapsdeelname in aangeleenthede verwant aan die munisipaliteit;
- die skep en handhawing van 'n veilige en gesonde omgewing; en
- die bevordering van toerisme, ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling.

## RAPPORTEER ONWETTIGE STORTING

Daar word al hoe meer ondervind dat onwettige storting van vullis op meente oop erwe plaasvind. Dit ten spyte daarvan dat Munisipaliteit Overstrand oorlaastasies, aflaaiplekke en 'n stortings-terrein beskikbaar stel vir die storting van vullis. In elke gebied is daar geriewe wat maklik bereikbaar is, maar sommige mense verkies om dit sommer op oop erwe en op meentgrond te stort.

Lede van die publiek word vriendelik gevra om waarnemings van onwettige storting van vullis onmiddellik by die 24-uur-beheerkamer (028 313 8111) te rapporteer.

Huisbewoners kry 24 stortings per jaar gratis by al die geriewe, maar sake-ondernemings moet vir die storting van besighedsafval betaal aangesien hulle net vir een sak kantoovullis betaal.

Daar is die volgende geriewe in die vier administrasies:

- **Kleinmond-administrasie:**
  - Pringlebaai-naweekafklaaiplek vir huisvullis;
  - Rooiels-naweekafklaaiplek vir huisvullis;
  - Bettysbaai-naweekafklaaiplek vir huisvullis;
  - Bettysbaai-aflaaiplek vir algemene vullis en tuinvullis; en
  - Kleinmond-oorlaastasie vir huisvullis, algemene vullis, tuinvullis en klein hoeveelhede bourommel (bakkie-bouers).
- **Hermanus-administrasie:**
  - Hawston-aflaaiplek vir tuinvullis en algemene vullis;
  - Onrus-naweekafklaaiplek vir huisvullis;

- Sandbaai-aflaaiplek vir huisvullis;
- Hermanus-oorlaastasie vir huisvullis, algemene vullis, tuinvullis en klein hoeveelhede bourommel (bakkie-bouers);
- Voëlklip-naweekafklaaiplek vir huisvullis; en
- Voëlklip-aflaaiplek vir tuinvullis.
- **Stanford-administrasie:**
  - Stanford-oorlaastasie vir algemene vullis, tuinvullis en klein hoeveelhede bourommel.
- **Gansbaai-administrasie:**
  - Gansbaai-stortingsterrein vir bourommel, algemene vullis en tuinvullis; en
  - Pearly Beach-aflaaiplek vir algemene vullis, tuinvullis en klein hoeveelhede bourommel (bakkie-bouers).

Huiseienaars wat huise aan vakansiegangers verhuur, moet seker maak dat die huurders bewus is van die tye vir vullisverwydering. Inwoners en sake-ondernemings moet daarop let dat die regulasie sê dat hulle net hul vullis op die sydaadje mag uitsit die dag van vullisverwydering. Indien dit dae lank op die sydaadje bly staan, vertoon dit nie alleenlik onnet nie maar word dit dikwels oopgeskeur en veroorsaak 'n gesondheidsgevaar.

Daar word ook 'n vergunning gegee aan inwoners om een sak tuinvullis by hulle huisvullis uit te sit. Indien daar meer as een sak tuinvullis uitgesit word, sal dit nie verwyder word nie aangesien dit dan beskou word as tuinvullis wat die inwoner self na die oorlaastasies of aflaaiplekke moet neem.

## GROENEWALD AANGESTEL AS VOLGENDE MUNISIPALE BESTUURDER

Mnr Coenie Groenewald (56) is as die volgende munisipale bestuurder van die Munisipaliteit Overstrand aangestel. Hy sal op 1 Januarie 2012 oorneem by die huidige posbekleër, adv Werner Zybrands, wat einde vanjaar uit diens sal tree.



Dié besluit is einde Oktober eenparig deur die munisipale raad geneem nadat 'n omvattende keuringsproses met behulp van 'n bedryfsielkundige gevolg is. Altesame 41 aansoeke is ontvang en ses kandidate is vir psigometriese toetse en onderhoude genooi. Die keurpaneel het raadslede van sowel die Demokratiese Alliansie as die ANC ingesluit.

Mnr Groenewald het gesê dit is vir hom 'n absolute voorreg om vir die Overstrandse munisipaliteit te werk en dat hy daarna uitsien om die nuwe verantwoordelikheid op te neem omdat

hy weet dat hy deur 'n span goeie en bekwame amptenare bygestaan sal word. Hy het hulde gebring aan sy voorgangers wat die munisipaliteit op 'n uitstekende voet geplaas het.

Groenewald het op Christiesmeer in Mpumalanga groot geword en in 1973 aan die Hoërskool Ermelo gema-

trikuleer. Sy loopbaan het in die staatsdiens begin, maar vanaf 1981 was hy by plaaslike owerhede. Hy het met deeltydse studie verskeie grade in toepaslike rigtings aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf asook 'n professionele kwalifikasie van die voormalige Instituut van Stadslerke van Suidelike Afrika.

Vanaf 2003 is Groenewald by die Munisipaliteit Overstrand in Hermanus en beklee tans die pos van Direkteur: Bestuursdienste. Hy is getroud met Rita en hulle het drie kinders.

## RAAD IN RESES; KANTOORURE IN VAKANSIETYD

Die goedgekeurde datums vir die Desember-reses van die Overstrand-raad is van 7 Desember 2011 tot 24 Januarie 2012. In hierdie tyd sal die Uitvoerende Burgemeester in oorleg met die Munisipale Bestuurder alle dringende aangeleenthede en noodsituasies hanteer, met die uitsondering van daardie aangeleenthede wat vir 'n besluit deur die volle Raad gereserveer is.

Munisipale kantore sal oor Kersfees van Vrydag 23 Desember 2011 om 13:00 gesluit wees vir alle dienste, buiten essensiële dienste, en eers op Dinsdag 27 Desember 2011 heropen. Vir die Nuwejaarsnaweek sluit die kantore op Vrydag 30 Desember 2011 om 13:00 en heropen op Dinsdag 3 Januarie 2012 om 07:45.

# SO BOU ONS ONS JEUG VIR DIE TOEKOMS

Deur Franklin D Roosevelt aan te haal, het Overstrand se Burgemeester, Nicolette Botha-Guthrie, tydens die inhuldiging van die Junior Stadsraad vir 2011/12 gesê dat ons nie altyd in staat is om die toekoms vir ons jeug te bou nie, maar ons kan ons jeug vir die toekoms bou.

Volgens haar word dit die beste vermag deur leierskapontwikkeling te bevorder. Sodoende kan mens verseker dat in tye van krisis en verandering, die leiers van die oomblik na vore sal tree, die rigting sal bepaal wat ons moet inslaan, die samewerking van die res sal kry en ander sal motiveer en aanmoedig om te verander en oplossings vir probleme te vind.

Vir haar is dit 'n voorreg om deel te hê aan die inhuldiging van Overstrand se agste junior raad, en sy is trots op die groot hoeveelheid opkomende leiers wat die area opgelewer en toegerus het om nie terug te staan vir enige verandering wat die toekoms mag inhou nie.

Sy het die Enlighten Education-trust bedank wat die kundigheid en ander hulpbronne voorsien het vir hierdie program, wat nou die vlagskip en beste-praktykmodel vir junior rade in die Wes-Kaap is, en ook die bestuurder van die junior stadsraadprojek, mnr. Theo de Wet, wat in 2004, op versoek van Overstrand se raad en munisipaliteit, die Junior Stadsraad op been gebring het en se-



dertdien bestuur.

Die Burgemeester het gesê die Munisipaliteit Overstrand ondersteun sy visie ten volle, naamlik dat die hoofdoelwit vir die junior raad opvoeding moet wees en dat die junior raadslede moet leer onderwyl hulle lei. Die munisipaliteit sal aan hulle die nodige ondersteuning verleen sodat hulle die meeste van hierdie geleentheid kan maak. Hulle sal op oriënteringstoere van die munisipale area en fasiliteite geneem word, en amptenare van die munisipaliteit sal beskikbaar wees om hulle tydens hulle vergaderings

**Van links:** Siseko Malongwana, Sive Bolani, Andisiwe Thunyiswa, Tiyang Nzima, Michelle le Roux (Junior Onderburgemeester - Gansbaai en Stanford), Yandiswa Momoza (Junior Onderburgemeester - Hermanus en Keimond), Yandiswa Momoza (Junior Onderburgemeester - Hermanus en Keimond), Theo de Wet (Bestuurder), Raadslid Nicolette Botha-Guthrie (Uitvoerende Burgemeester), Corrie Keyser (Junior Burgemeester), Amber Robertson, Liske Hunter (Junior Speaker), Chrisam Witbooi, Megan de Bruyn en Siphesihle Liwani. **Tweede ry:** Sinethemba Gxowa, Robyn Coetzee, Samkelo Motsilili, Motlalepula Leduma, Abigail Swarts, Anli Schreuder, Natasha Geweldt, Benita Wilken, Ashlyn Coxson, Gezellede Gotz, Robin Seconna, Feeza Abrahams, Diana Wyngaard, Kelly Hendriks en Zimkhitha Buyle. **Derde ry:** Marco Jacobs, Cleo Payne, Eddie Schmidt, Jayden Wentzel, Adriaan Wildschut, Bianca de Koning en Andiswa Wulana.

oor munisipale aangeleenthede in te lig. Voorts sal hulle by munisipale projekte

betrek word en blootstelling aan openbare seremonies kry.



# MUNISIPALE REKENING UITEENGESIT

Met al die vernuwing wat vanjaar in die Munisipaliteit Overstrand se tariefstruktuur ingevoer is, is daar baie inwoners wat dit moeilik vind om hul maandelikse rekening te verstaan. Met die meegaande ontleding hoop die plaaslike owerheid om sulke probleme uit te skakel. Die impak van die verskillende tariewe en toegewings op u rekening sal duidelik word wanneer u die tabelle bestudeer en u situasie daarmee vergelyk. 14% BTW klaar by voorbeelde bygevoeg.

EIENDOMSBELASTING 1 JULIE 2011 tot 30 JUNIE 2012		ONTWIKKELDE ENKEL RESIDENSIELE EIENDOM MET:		
		Grondwaarde van R560 000	Grondwaarde van R3 000	Grondwaarde van R7 000
		Waarde van verbeterings R720 000	Waarde van verbeterings R17 000	Waarde van verbeterings R43 000
		Eiendomswaarde R1 280 000	Eiendomswaarde R20 000	Eiendomswaarde R50 000
Basiese eiendomsbelasting/maand = eiendomswaarde x 0.00326 ÷ 12 (R)		347.75	5.45	13.60
Minus	Residensiële korting 15 000 x 0.00326 ÷ 12	4.05	4.05	4.05
	Korting op verbeterings 35 000 x 0.00326	9.50	1.40	9.55
	20% Korting op verbeterings	66.84	-	-
Plus	HPP-heffing indien van toepassing	26.74	-	-
TOTAAL		294.10	0.00	0.00

EIENDOMSBELASTING 1 JULIE 2011 tot 30 JUNIE 2012		ONONTWIKKELDE ENKEL RESIDENSIELE EIENDOM MET:		
		Grondwaarde van R560 000	Grondwaarde van R60 000	Grondwaarde van R7 000
		Geen verbeterings-waarde	Geen verbeterings-waarde	Geen verbeterings-waarde
		Eiendomswaarde R560 000	Eiendomswaarde R60 000	Eiendomswaarde R7 000
Basiese eiendomsbelasting/maand = eiendomswaarde x 0.00326 ÷ 12 (R)		152.15	13.60	1.95
Minus	Residensiële korting 15 000 x 0.00326 ÷ 12	4.05	4.05	1.95
	Korting op verbeterings 35 000 x 0.00326	-	-	-
	20% Korting op verbeterings	-	-	-
Plus	HPP-heffing indien van toepassing	14.81	0.96	-
TOTAAL		162.91	10.51	0.00

## VULLISVERWYDERING 1 JULIE 2011 - 30 JUNIE 2012

ONTWIKKELDE ENKEL RESIDENSIELE EIENDOM MET:	
Een verwydering per week	Twee verwyderings per week
R95.00	R123.00

## ELEKTRISITEIT

KATEGORIE	GEBRUIK	PRYS PER EENHEID	KOSTE	BASIESE HEFFING	TOTAAL
Infrastruktuur		6.90	0.00	6.90	6.90
Behoeftig	300kWh	0.8208 per eenheid	246.24	173.00	419.24
Enkel fase tot op 60amp: Tweevoudige tarief	350kWh	0.8208 per eenheid	287.28	173.00	460.28
	600kWh	350 @ 0.8208 per eenheid 250 @ 1.1172 per eenheid	287.28 279.30	173.00 0.00	739.58
	1300kWh	350 @ 0.8208 per eenheid 250 @ 1.1172 per eenheid 700 @ 1.2996 per eenheid	287.28 279.30 909.72	173.00	1649.30
Lewenslyn tarief slegs vir voorafbetaalde meters	Slegs 350kWh	0.8208 per eenheid	287.28	0.00	287.28

## WATER

HUISHOUDINGS: TARIEFSTRUKTUUR	GEBRUIK VAN 8kl/MAAND	GEBRUIK VAN 20kl/MAAND	GEBRUIK VAN 50kl/MAAND	GEBRUIK VAN 70kl/MAAND
Infrastruktuurheffing	24.28	24.28	24.28	24.28
Basiese fooi (RUE)	100.00	100.00	100.00	100.00
Verbruik	0-6kl 0.00 7-30kl 8.00 31-60kl 20.00 >60kl 27.00	6kl = 0.00 2kl = 16.00	6kl = 0.00 14kl = 112.00	6kl = 0.00 24kl = 192.00 30kl = 600.00 10kl = 270.00
TOTAAL	140.28	236.28	716.28	1186.28

## RIOLERING

HEFFINGS	ONTWIKKELDE ENKEL RESIDENSIELE EIENDOM MET GEBRUIK VAN 50kl 25kl 15kl			ONTWIKKELDE ENKEL RESIDENSIELE EIENDOM MET SEPTIESE TENK	ONONTWIKKELDE ENKEL RESIDENSIELE EIENDOM WAT AAN RIOLERING KAN KOPPEL	ONONTWIKKELDE ENKEL RESIDENSIELE EIENDOM WAT AAN NIE RIOLERING KAN KOPPEL NIE
Basies	86.20	86.20	86.20	58.30	183.60	58.30
Infrastruktuur	16.19	16.19	16.19	16.19	16.19	16.19
Watergebruik (70% x R9.25)	323.95	161.88	97.13	-	-	-
Tenkediens	-	-	-	R400 of R480 na 15:00 op weekdae	-	-
TOTAL	426.34	264.27	199.52	74.49 (Tenkerdiens uitgesluit)	199.79	74.49



J ALLEMAN  
MAGNOLIA STRAAT 6  
HERMANUS  
HERMANUS

## STAAT


VIR ALLE REKENING NAVRAE KONTAK ASB.  
DIE ADMIN NAASTE AAN U.  
DEBITEUR BTW REG. NR.

RDL:	PA SCHOLTZ	ERF Nr:	3456
DEP: ELEKT:	-264	VOORSTAD:	GDK
DEP: WATER:	-110		
DEP: ANDER:	0		

REKENINGNUMMER: 201234567890

BELASTINGFAKTUUR: 3312345

## WATER VERBRUIK GRAFIEK



## METERLESINGS

DIENS	METER Nr.	PERIODE	VORIGE	HUIDIGE	VERBRUIK	DAG GEMID.
E	A030913206	10/0913/10	6898	7001	103	3.121
W	0000140576	10/0913/10	1866	1866	0	0

## TRANSAKSIEBESONDERHEDE

BESKRYWING	VERBRUIK	BEDRAG	BTW	BEDRAG BTW IN.
SALDO OORGEDRA				816.76
BETALINGS - DANKIE				-816.76
BANK: ADPAY MAANDLIKSE - 20/10/2011				
REF/VERW:0000000560				
OORDRAGTE				88.00
SUBTOTAAL				88.00
BELASTING	1	186.96	0.00	186.96
ELEKTR/ING	1	6.05	0.85	6.90
ELECT/ELEK	1	151.75	21.22	173.00
ELECT/ELEK	1	74.16	10.38	84.54
WATER	1	21.30	2.98	24.28
WATER	1	87.72	12.28	100.00
REFUSE/VULLIS	1	83.33	11.67	95.00
SEWER/RIOL	1	51.14	7.16	58.30
SEWER/RIOL	1	14.20	1.99	16.19
SUBTOTAAL				745.17
TOTAAL				833.17

Printed & Mailed by CAB Holdings (Pty) Ltd 0770

KREDIET	90 DAE +	90 DAE	60 DAE	30 DAE	LOPEND
0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	833.17
TOTALE BEDRAG VERSKULDIG					833.20
BETAALBAAR VOOR OF OP					20/11/2011

# BEWUSTHEID

Bewustheid: 'n Eenvoudige woord maar een waaraan alle Suid-Afrikaners groot waarde heg. Hier verwys ons, uiteraard, na 'n tipe bewustheid wat dalk 'n inbraak by jou huis of iets veel erger kan verhoed. In alle waarskynlikheid is jy al voorheen aangeraai om "jou vlak van bewustheid te verhoog", sonder dat enige verdere verduideliking aangebied word. Sulke raad is nie werklik van nut nie en laat jou bloot wonder wat jou nou eintlik te doen staan. Laat ons dus toe om aan die hand van 'n paar hipotetiese scenario's te verduidelik wat dalk kan en waarskynlik sal gebeur.

## DIE ONVERWAGTE BESOEKER

Alle kwaaddoeners val sonder twyfel in hierdie kategorie: Hulle maak nie afspraak nie! Die probleem is dat sommige vriende en diensverskaffers ook in hierdie kategorie val. So wat moet/behoort jy te doen? Daar is 'n paar dinge.

Eerstens, stel al jou vriende en gereelde diensverskaffers in kennis dat jy NIE op die deursklokkie sal reageer tensy jy 'n besoek verwag nie. 'n Besoek sonder vooraf kennisgewing is dus 'n mors van tyd, brandstof en moeite.

As jy effe meer tegemoetkomend wil wees, stel jou vriende in kennis dat hulle welkom is om sonder afspraak besoek af te lê, maar SLEGS as hulle jou laat weet dat jy hulle binne minute te wagte kan wees.

Diensverskaffers (d.w.s. die gasmaatskappy wat die silinder kom vervang; die loodgieter wat jou oproep beantwoord, ens.) MOET jou vooraf laat weet dat hulle op pad is en nie net sommer opdaag wanneer dit hulle pas nie. Daar is baie bedrieërs wat voorgee dat hulle is wie hulle nie is nie. Plaas jou meters wat gelees moet word op 'n plek waar dit nie nodig is om toegang tot jou perseel te verleen nie.

Dis nodig dat ons 'n einde aan hierdie ongeskeduleerde en ongebonde toegang maak. Hoe gouer ons almal op hierdie manier optree, hoe gouer sal die hele Hermanus-gemeenskap onaangekondigde besoekers die deur wys nog voordat hulle aangeklop het. Maak 'n verskil – begin 'n tendens!!

## BEDELAARS

Ongetwyfeld het mense al jou voordeursklokkie gelui om vir kos of geld te vra. Moet asseblief NIE vir hierdie slenter val en aan hulle gee waarvoor hulle vra nie.

As jy regtig voel dat jy behoort te help, is daar 'n hele rits organisasies wat voeding-skemas aanbied of programme bestuur wat op hulpverlening aan die minderbevoordeeltes in ons gemeenskap afgestem is. Gee aan hulle.

As jy nie van sulke organisasies bewus is nie, vra jou vriende of kerkgroep. Dit behoort nie moeilik te wees om te ontdek watter organisasies jou ondersteuning

nodig het nie. Boonop is dit verbasend maklik om 'n donasie te maak.

As jy sommer so by die voordeur uitdeur, kan jy verseker uitsien na 'n konstante toestroming van besoekers. Dalk is die behoefte in die meeste gevalle opreg, maar dit kos net een skewe ervaring om 'n hele hoop trauma te ontketen. Waarom die risiko loop?

## DIE ALARMSTELSEL

Die meeste huise het 'n stelsel, tog word verneem via sekuriteitsmaatskappye dat die alarmstelsel in minstens 50% van die voorvalle nie geaktiveer was nie. Waarom installeer mense alarmstelsels teen aansienlike koste en laat dan na om dit na behore te gebruik?

In ander gevalle het die alarm eenvoudig nie gefunksioneer nie, en dit bloot omdat die rekords toon dat dit nie gediens is nie. Koop jy 'n motor en verander dan nooit sy olie nie? Onthou ook om die afstandbeheerders na te gaan. Afstandbeheerders werk met batterye, en hulle hou beslis nie vir ewig nie.

## MUNISIPALE AMPTENARE

Dit wil voorkom asof oortreders voornemens is om hulle munisipale werkers in en opdaag omdat hulle 'n fout moet ondersoek of regstel, of wat ook al. In goeder trou verleen die publiek aan hierdie bedrieërs toegang tot hulle huise, en die res is geskiedenis.

Die munisipaliteit is van voorneme is om alle munisipale amptenare in die Overstrand-gebied van 'n kenmerkende identiteitskaart te voorsien. Sodra hierdie reëling geïmplementeer is, dring daarop aan om die kaart te sien. In die interim, vra die besoeker se naam en skakel die munisipale departement ten einde bona fides te verifieer.

MOENIE hulle innooi voordat jy hierdie verifiëringsproses deurloop het nie.

## WIE KLOP?

Ons het vroeër gesê dat jy dit dalk kan oorweeg om 'n beleid te aanvaar waarvolgens jy NIE op die deursklokkie sal reageer nie tensy jy 'n besoeker verwag. Sommige mense mag hierdie reëling egter 'n bietjie oormatig vind.

As dit die geval is, moet jy jou voordeur mooi beskou.

Kan jy bepaal wie geklop of die klokkie gelui het SONDER om die deur oop te maak? As jy nie kan nie, het jy pas 'n tekortkoming in jou beveiliging ontdek.

Die enigste manier om dié sakkie reg te stel, is om 'n interkom of 'n trelli-tipe hek te installeer.

## BETOWERDE WOOD INGESPAN OM VOLHOUBAARHEID TE BEVORDER

Op Saterdag 17 Desember gaan die melk-houtwoud by Piet se Bos in die omgewing van Grotto-strand in Hermanus in 'n betowerde woud omgeskep word. Whale Coast Conservation gaan met groot fanfare die Internasionale Jaar van Woude vaarwel toeroep en 'n heel nuwe projek in die Overberg bekend stel.

Met fondse ten bedrae van R4,1 miljoen wat vanaf Nasionale Loterye se verspreidingsprojekte bekom is, gaan die "Overberg-bewusmakingsprogram: Volhoubare ontwikkeling en voortbestaan" oor die volgende drie jaar presies op die twee kwessies vervat in die programtitel fokus.

Die projek gaan grotendeels daaroor om mense in te lig oor die opsies wat hulle ten opsigte van lewenstyl en tegnologie het sodat ons hulpbronne meer doeltreffend kan inspan en binne die perke

kan leef van die een planeet wat aan ons almal toevertrou is. Die projek sal bewustheid rondom die beginsels van volhoubare ontwikkeling en volhoubare lewenswyses bevorder.

En wat dan van die pret? Alle jongelinge en diene wat nog jonk van gees is en in feetjies glo, word genooi om die feë in die antieke melkhoudbos op te spoor, 'n bos waaraan honderde kerse 'n sekere misterie gaan verleen. Dos jou uit vir 'n fantasiebaal, bring 'n flitslig en wees daarop voorbereid om die feetjies te red deur jou hart toe te verbind om "te verminder, te gebruik en te herbenut".

Bring 'n piekniekmandjie, tafel en stoele (braaivure word voorsien). Sien jou daar: 17 Desember, 18:30 tot 21:30 by die Arena-piekniekterrein naby Grotto-strand. Toegang gratis.

## LENING VIR WATERPROJEK

Die raad het in beginsel die opneem van 'n langtermynlening van R12 miljoen goedgekeur om as oorbouingsfinansiering vir die opgradering van die Hermanus-rioolverwerkingsaanleg en die Preekstoel-watersuiweringswerke te dien. Volmag is ook aan die munisipale bestuurder verleen om met die Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika oor die bepaling te onderhandel en 'n ooreenkoms te sluit. In die meegaande verslag is klem daarop gelê dat die tekorte tydelik van aard is omdat hulpverlenings vanaf die streek se infrastruktuurprogram vir grootmaatsdiensgeoormerk is vir uitbetaling in 2012/13 en 2013/14. Die projekte moet egter so gou moontlik afgehandel word in die lig van die ernstige watertekorte in die Hermanus-gebied.

'n Beroep word op inwoners en besoekers gedoen om water spaarsamig te gebruik. Hoewel sprinkelbesproeiing en gebruik van tuinslange met munisipale water nie toegelaat word nie, kan tuinmakers wel gieters gebruik om plante mee nat te gooi.

LEWE VOLGENS DIE MORELE WAARDE VAN



## BETROUBAARHEID

In die Oktober 2011-uitgawe van dié bulletin het ons aangedui dat goeie burgerskap, soos dit tot uiting kom in die morele karakter van 'n gemeenskap en sy mense, berus op bepaalde grondliggende waardes soos regverdigheid, omgee, respek, verantwoordelikheid en betroubaarheid. In die November-uitgawe is die waarde van regverdigheid bespreek.

Vandeesmaand laat val ons die soeklig op die morele waarde van betroubaarheid.

Iemand wat hierdie waarde uitleef, sal deur ander ervaar word as iemand op wie mens altyd kan staatmaak: "Hy/sy is 'n regte staatmaker!" Dis iemand op wie se woord jy kan staatmaak en wie se beloftes en onderneemings nagekom word, ongeag die moeite wat dit verg en sonder om agter verskonings te skuil. As mense jou vertrou, plaas hulle 'n verantwoordelikheid op jou skouers en bemagtig hulle jou. En hul vertroue in jou bou jou selfvertroue en selfbeeld.

Vertroue moet verdien word deur die konsekwente uitleef van die waarde van betroubaarheid. En dit verg

persoonlike integriteit en dapperheid.

Wanneer jy toelaat dat inkonsekwentheid en onbetroubare optrede die vertroue skend wat in jou gestel is, laat dit 'n letsel wat moeilik en slegs oor 'n lang tyd kan herstel.

Die waarde van betroubaarheid lê nie net op individuele vlak nie maar ook op organisatoriese vlak. Leiers van ons sake- en gemeenskaps-organisasies wat onbeskaamd etiese praktyke nastreef, word gekonfronteer met vrae soos die volgende:

- Ervaar mense die diens wat my organisasie aan hulle lewer as konsekwent betroubaar?
- Voldoen die produk of diens aan die standaarde en vereistes waarop ooreengekom is?
- Is daar wedersydse vertroue tussen diensverskaffer en kliënt en tussen personeel en bestuur?

En so is daar talle maatstawwe waarvan ons die uitleef van hierdie waarde kan meet.

*Navrae oor die Morelestandaarde-inisiatief kan gerig word aan 082 412-4538 of per e-pos aan ernstes@vodamail.co.za.*